‘n selfsugtige persoon is, wie Sy skepsel opgeoffer het, maar geen opoffering self gemaak het nie. Dit is net wanneer ons besef wie Jesus was en dat Hy werklik die eniggebore Seun van God is, Sy geliefde Seun, voortgebring uit Homself uit, dat ons werklik kan verstaan hoeveel God ons lief gehad het. Ons verstaan dit omrede Hy gewillig was om so groot ‘n opoffering te maak, om saam met Sy Seun te ly, toe Hy ‘n verskriklike dood gesterf het in fisiese en geestelike angs. Hy het dit gedoen sodat ellendige, sondige mense ‘n kans sou hê om in ewige vrede te lewe.

God en Sy waarhede het ‘n vyand - die duiwel – wat alles in sy vermoë doen om die grootste waarheid in die heelal te vernietig; die waarheid oor God se wonderlike liefde vir ‘n sondige mensdom. Hoe kan ons hierdie liefde verstaan? Net wanneer ons besef dat dit Sy eie Seun was, die geliefde van Sy boesem, Sy eniggebore Seun, wat God vir ons gegee het. Maar Satan het die Christelike kerke verlei. Hy het hulle, wat die waarheid moes verdedig, gelei om dit te vernietig, en vandag leer meeste Christene dat alhoewel Jesus die Seun van God genoem word, Hy nie werklik God se Seun in die ware sin is nie.

Dit behoort ook duidelik te wees dat as Jesus nie werklik God se Seun was nie, maar eerder God self, dat dit nie waar kan wees dat Hy vir ons sondes gesterf het nie, want die Bybel leer vir ons dat God nie kan sterf nie. (1 Timótheüs 6v16)

**Waar dit alles begin het**

Amper sewentien honderd jaar gelede in 325 n.C., het die groot teoloë van die Katolieke Kerk bymekaar gekom in ‘n plek met die naam Nice om te bespreek of Jesus werklik die Seun van God was of nie. Sommige van hulle, onder leiding van ‘n man met die naam van Arius, het voorgestel dat Hy werklik die Seun van God was en dat Hy uit God gebore was in die voortyd en dat Hy nie ‘n geskape wese was nie.

‘n Ander groep, onder leiding van ‘n man met die naam van Athanasius het besluit dat Hy nie die werklike Seun van God in die ware sin van die woord was nie, maar dat Jesus eintlik ‘n “deel” van God was. Athanasius het besluit dat God in werklikheid een Wese was, wat drie dele gehad het, genoem Vader, Seun en Heilige Gees. Die meeste Christene vandag glo nog steeds in hierdie verdraaing van die Woord. Sodoende verloën almal die waarheid dat Jesus werklik die ware eniggebore Seun van God is! Die Raad van Nicea is waar hierdie valse leerstellings begin het, en vir die laaste 1600 jaar is hulle nog steeds in gewilde Christen denke ingeënt.

Die vraag is dan, glo jý dat Jesus Christus die werklike Seun van God is?

U het hierdie traktaat ontvang omdat God wil hê dat u weet hoeveel Hy jou lief het. Hy wil hê dat jy weet dat Sy liefde so groot is, dat Hy “selfs sy eie Seun nie gespaar het nie, maar Hom vir ons almal oorgegee het…” (Romeine 8v32)

As u dit glo, werklik glo, dan sal die liefde van God jou lewe herskep. U sal gemeenskap kan hê met die ware God en Sy Seun (1 Johannes1v3) en u sal ‘n plek gegee word in die koninkryk van God.


Vir meer inligting oor hierdie, of ander belangrike bybel onderwerpe kontak asseblief:

(International) -
**info@present-truth.net**
**www.present-truth.net**
**www.1god1body.org**
Southern Africa -
**www.missionservicesafrica.co.za**
**www.pioneermissionsafrica.co.za**
**Tel: (+27) (0)79 470 3941 / (0)79 586 2787**


PMAT 001A

# WATTER GOD?



*“Jy glo dat God één is. Jy doen goed…” Jakobus 2v19*

**Verskillende Idees**

Daar is net een God. Hierdie is ‘n duidelike leerstelling van die Bybel. (Markus 12v29-34) Maar het u geweet dat onder Christene daar verkillende idees bestaan oor wie God werklik is?
Eintlik is daar verskillende gode wat aanbid word in Christendom, alhoewel daar net een ware God is. Die moontlikheid bestaan dat baie van ons in werklikheid ‘n valse god aanbid as ons idees oor wie God is, verkeerd is. Die vraag is dan, watter God aanbid u? Aanbid u die God van die Bybel of aanbid u ‘n valse idee van wie God is? Laat ons onthou dat dié wat God aanbid, Hom moet aanbid “in gees en in waarheid.”(Johannes 4v24)

1. Eerstens is daar die idee dat God ’n *drie-enigheid* is. Dit is die geloof van meeste Christene vandag. Volgens hierdie leerstelling het God drie dele. Een deel word Vader genoem, ‘n ander deel word die Seun genoem en nog ‘n ander deel word die Heilige Gees genoem. Al drie dele, of persone, verteenwoordig een grote God. Hierdie wese het alle krag, alle kennis en bestaan al verewig met die drie dele of persone.

2. Tweedens is daar die idee dat God net een persoon is, maar Hy openbaar homself op verskillende maniere in verskillende tye. By voorbeeld, in die Ou Testament was Hy die Vader, toe het dieselfde persoon in die Nuwe Testament verskyn as die Seun toe Christus op die aarde was, en daarna het Hy die Heilige Gees geword. Hierdie idee word dikwels die “*Jesus only*” doktrine genoem.

3. Die derde idee is dat daar *drie almagtige Wesens* is, al drie met dieselfde outoriteit en krag en wat al van ewigheid af bestaan. Al drie van hulle is God maar omrede hulle ooreenstem in alles wat hulle doen, word hulle een God genoem. Volgens hierdie leerstelling het hierdie drie wesens (Gode) vêr in die verlede besluit dat elkeen ‘n verskillende rol sou speel, een as Vader, die ander as Seun en die ander sal werk as die Heilige Gees.

4. Vierdens is daar die idee dat God net een Persoon is en dat hierdie Persoon, die Vader alleenlik is. Daar word ook beweer dat Jesus Christus lank, lank gelede deur God *geskape* is en dat Hy oor die res van die skepping geplaas is. Die Heilige Gees word beskryf as God se aktiewe krag.

Kan al hierdie idees korrek wees? Natuurlik nie! Dit is duidelik dat al hierdie mense veskillende gode aanbid! Maar maak dit werklik saak? Solank mens net "God" sê en probeer om goeie dinge te doen, maak dit werklik saak wat ons ook mag glo? Ja, beslis! Daar is vandag in die wêreld 'n gewilde idee dat dit nie saak maak wat mens glo nie solank 'n persoon net die Here se naam aanroep. Hierdie is 'n valse en baie gevaarlike idee. Die Bybel leer ons dat dié wat nie die waarheid lief het nie, verlei sal word en dat hulle 'n leuen sal glo. Omrede hulle hierdie leuen geglo het, sal hulle verdoem wees en uiteindelik vernietig word (2 Thess 2v10-12) Jesus Self het gesê: "En dit is die ewige lewe, dat hulle U ken, *die enige waaragtige God*, en Jesus Christus wat U gestuur het." (Johannes 17v3) En hoe dan, hoe kan ons God ken as ons nie eens weet met wie ons praat wanneer ons Hom aanroep nie? Bedoel ons:…

A. Drie Persone wat rêrig een Wese is?

B. Een Persoon wat op drie verskillende maniere funksioneer?

C. Drie almagtige Wesens wat drie rolle vertolk?

D. Een persoon en 'n geskape Seun?

Ons het nou net vier gewilde idees in hooftrekke geskets, elk een verskillend van die ander, maar nie een van hierdie idees verteenwoordig die ware Bybelse leerstelling oor wie God is nie.

## Die Ware God

Wat beteken die woord "God"? Gewoonlik verwys hierdie woord na iets wat beskou word as beter as alle ander, of dit wat aanbid word.
Nietemin, die Bybel leer ons dat daar net een ***ware*** God is, en dat hierdie God die allermagtigste Wese in die heelal is. Alle dinge kom van Hom en Hy regeer oor alles. Wie is hierdie Persoon? Volgens die Bybel, ***is hierdie persoon God die Vader alleenlik.***

*Een God en Vader van almal, wat oor almal en deur almal en in julle almal is.* (Efésiërs 4v6)

*Tog is daar vir ons maar een God, die Vader uit wie alles is…* (1 Korinthiërs 8v6)

Hierdie grote God, die Vader, die Here, God Almagtig, het 'n Seun gehad. Vêr terug in die dae van die ewigheid het hierdie God 'n Seun voortgebring, 'n Seun wat bestaan het uit Sy eie wese. ***Hierdie Seun was nie geskape nie***, Hy was gebore. Geskape beteken om gevorm te wees uit materiaal buite die skepper, of uit niks nie, maar gebore in hierdie konteks beteken om voort te bring uit die Vader se eie wese.

## Die Seun van God

Die Seun van God was net soos Sy vader. Hy is gebore in Sy presiese gedaante, met dieselfde suiwer, heilige natuur. God het al Sy krag en outoriteit aan Sy Seun gegee, en deur Jesus Christus, het God alles in die heelal geskape. (Sien Efésiërs 3v9; Hebreërs 1v2) Spreuke 8 vertel van die geboorte van die Seun van God en van die verhouding wat Hy met God geniet het in die dae voor die aarde geskape is. Hoewel na Hom hierin verwys word as "wysheid", sien ons duidelik dat hierdie verse na die Seun van God verwys.

*Die HERE het my berei as eersteling van sy weg, voor sy werke, van ouds af. Van ewigheid af is ek geformeer, van die begin af, van die voortyd van die aarde af. Toe daar nog geen wêreldvloede was nie, is ek gebore; toe fonteine, swaar van water, nog nie daar was nie; voordat die berge ingesink het, voor die heuwels is ek gebore; Toe Hy die hemele berei het, was ek daar; toe Hy 'n kring afgetrek het op die oppervlakte van die wêreldvloed; toe Hy vir die see sy grens gestel het, dat die waters sy bevel nie sou oortree nie; toe Hy die fondamente van die aarde vasgelê het— toe was ek 'n kunstenaar naas Hom, en ek was dag vir dag vol verlustiging en het gespeel voor sy aangesig altyd, en het gespeel op sy wêreldrond, en my verlustiginge was met die mensekinders.* (Spreuke 8v22-25,27,29-31)

Let daarop dat in 1 Korinthiërs 1v24 word gepraat van Christus as die "wysheid van God."

Jesus sê self vir ons dat Hy die ***eniggebore*** Seun van God is. Hy sê "Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het…"(Johannes 3v16)

Hierdie Seun van God, Jesus Christus, is die een wat God gestuur het in die wêreld in, om te sterf vir die mens se sonde. Dit was Hy wat in die gedaante van God was (Filippense 2v6), maar Hy het Sy heerlikheid opsy gelê wat Hy met die Vader gedeel het, en Homself verneder om soos 'n arme ellendige mens te word. Hy het toegelaat dat Hy geminag, geslaan, bespot, beledig en wreed gekruisig is, en skeiding van Sy geliefde Vader verduur, sodat ons sondaars kon lewe. Hy wat Sy lewe gegee het, was die Seun van God. Hy was van dieselfde natuur as God, omrede Hy uit God gebore was. Wat 'n groot wonder is dit nie as ons dink dat dit God se eie geliefde Seun was wat Hy gegee het, die Een wat uit die Vader se boesem en hart van die Vader gekom het. (Johannes 1 v18)

## Twee Noodsaaklike Waarhede

Daar is twee waarhede wat noodsaaklike skakels is in die plan van verlossing. Hierdie is waarhede wat ons moet glo as ons gered wil word.

1. Die eerste is die waarheid van God se liefde vir die mensdom. Hierdie liefde was so groot dat God Sy eie Seun gegee het om mens te word en om vir die mens te sterf.
2. Die tweede noodsaaklike waarheid is dat Christus gesterf het om die prys te betaal vir ons sondes. Hy het nie voorgegee om te sterf nie, maar Hy het werklik en waarlik gesterf.

Die leerstellings van Christendom beweer nou dat Jesus nie werklik die Seun van God in die ware sin was nie!! Ander sê dat Hy nie werklik uit God gebore was nie, maar dat Hy eintlik die ewige God self is. Nog ander sê dat Hy deur God geskape is!! Hierdie valse idees weerspreek die twee noodsaaklike waarhede wat ons nou net genoem het.

## Die Bewys van God se Liefde

Dit is omdat God ons so lief gehad het, dat Hy Sy Seun gegee het om te ly en te sterf vir ons. Dit het God se hart gepynig om te aanskou hoe Sy Seun gely en uiteindelik gesterf het, maar Hy het ons "so lief gehad", dat Hy Sy kosbaarste besitting, Sy eniggebore Seun, vir ons gegee het, sodat ons kon lewe. Sekerlik kan ons sien dat hierdie grote God werklik 'n groot liefde vir ons het.

Maar hoekom leer Christene nou dat Jesus nie werklik die Seun van God is nie, maar dat Hy maar altyd deel van 'n drie-in-een God was, waar al drie gelyk in krag en outoriteit was? Vertel die Bybel 'n leuen wanneer dit sê: "dat God sy eniggebore Seun in die wêreld gestuur het"? (1 Johannes4v9)

Die ander sê dat God vir Jesus geskape het en toe Hom oorgegee het om gekruisig te word. Wys dit op 'n liefdevolle God? Nee, glad nie. Hierdie sataniese idees maak uit dat God werklik